AK2117/J4.20

AAV.

BEëDIGDE VERKLARING

Ek die ondergetekende,

LOUIS LE GRANGE

V E R K L A A R hiermee onder eed soos volg:

1. Ek is die Minister van Wet en Orde van die Republiek van Suid-Afrika en as sodanig die politieke hoof van die Suid-Afrikaanse Polisie.

2. Ek het myself vergewis van die Akte van Beskuldiging ten opsigte van die beskuldigdes Patrick Mabuye BALEKA en 21 ander wat in die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika aangekla staan.

3. Die bestaan van die volgende tegniese bandopnames getiteld -

(a) "Anti-SAIC Meeting, Selbourne Hall, Johannesburg", 1983-01-22 en 23;

(b) UDF Vergadering, Burgersentrum, Claremont, Kaapstad, 1983-11-26;

(c) "Krish Rabilall Commemoration, St. Michael's Church", Durban, 1984-02-05;

(d) "Huhudi Youth Organisation Meeting", Gemeenskapsaal,

Huhudi Swartwoongebied, Vryburg, 1984-07-01;

(e) "Transvaal Indian Congress Mass Meeting, Selbourne Hall", Johannesburg, 1984-07-18;

(f) "Lutuli Memorial Service, St. Anthony's Church Hall", Durban, 1983-07-24,

asook die volgende twee video-kassetopnames getiteld -

(i) "UDF One Year Rally", Port Elizabeth, 1984-08-25; en

(ii) "NIC-Meeting, Indian Civic Centre", Ladysmith, 1984-08-01,

wat deur die staat as getuienis in die verhoor van bogemelde beskuldigdes gebruik sal word, het tot my aandag gekom.

4. Beëdigde verklarings deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisie is aan my voorgelê, waarin die polisiemetodes wat gebruik is om die betrokke bandopnames en video-kassetopnames te maak of te bekom, beskryf word.

5. Ek het die beëdigde verklarings bestudeer en <u>bona fide</u> tot die gevolgtrekking geraak dat dit teen die openbare belang sal wees om enige inligting met betrekking tot die polisiemetodes wat aangewend is om genoemde bandopnames en video-kassetopnames te maak of te bekom, openbaar te maak, om die volgende redes:

(1) Die besondere metodes gebruik deur die SA Polisie in die

TW

onderhawige geval is dikwels die doeltreffendste en selfs die enigste wyse waarop inligting en/of getuienis verkry kan word van individue en/of organisasies se misdadige bedrywighede, veral vanweë vrees- en intimidasieveldtogte in swartwoonbuurtes wat tot gevolg het dat persone nie bereid is om getuienis aangaande misdade af te lê nie, selfs waar getuienis <u>in camera</u> aangehoor word; en

(2) enige openbaarmaking van die onderhawige polisiemetodes sal tot gevolg hê dat stappe geneem kan word om die metodes waarmee die SA Polisie inligting bekom en/of verkry, belemmer of selfs geneutraliseer kan word. As sodanig kan dit ernstige gevolge inhou vir die suksesvolle ondersoek en vervolging van misdaad.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

L LE GRANGE
MINISTER VAN WET EN ORDE : RSA

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken het dat hy die inhoud van hierdie verklaring verstaan en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoor-

digheid daarop aangebring op hede die 11de dag van Maart 1986 te Kaapstad

VREDEREGTER

KOMMISSARIS VAN EDE
JOHANN FRANCOIS VOS
KASTEELSTRAAT 45
KAAPSTAD
PRAKTISERENDE PROKUREUR
REP. VAN SUID AFRIKA

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.